

## POLICY 046/2017 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: OORSKRYDINGSBELEID

REFERENCE/VERWYSING: 15.1.B

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: 27.3/06/2016 (RV)

DATE/DATUM: 30 Junie 2017

### BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Dit gebeur van tyd-tot-tyd dat daar oorskry word op Raadsgrond en kan die Raad in terme van die bepalings van Artikel 126 en 127 van Ordonnansie 20 van 1974 die oorskryding magtig.

Artikel 126 en 127 van Ordonnansie 20 van 1974 bepaal die volgende:

*"Uitsteeksels en uitsteekstrukture.*

126. (1) 'n Raad kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy goed dink, met inbegrip van die betaling van huurgeld-
- (a) die oprigting of behoud toelaat van 'n veranda, balkon, teken, uithangbord of dergelike struktuur, toestel of middel wat in of oor enige openbare plek of openbare straat uitsteek of strek (hierna 'n "uitsteeksel" genoem): met dien verstande dat-
    - (i) die oprigting of behoud van so 'n balkon of balkonne nie toegelaat word op die hoogte van meer as een verdieping nie;
    - (ii) geen sodanige balkon geheel en al omsluit mag wees tot 'n hoogte van meer as een komma vyf meter gemeet vanaf die vloerhoogte daarvan nie, en
    - (iii) geen sodanige balkon gedeeltelik omsluit mag wees tot 'n hoogte van meer as een komma vyf meter gemeet vanaf die vloerhoogte daarvan nie uitgesonderd met die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die raad en onderworpe aan die voorwaardes wat hy stel, of
  - (b) waar die oprigting of behoud van 'n gebou of struktuur wat in, oor of onder 'n openbare plek of openbare straat uitsteek of strek (hierna 'n "uitsteekstruktuur" genoem) nie ingevolge paragraaf (a) toegelaat word nie, sodanige oprigting of behoud toelaat waar die grond wat sodanige plek of straat beslaan-
    - (i) nie die eiendom van die munisipaliteit is nie indien, na die mening van die raad, sodanige uitsteekstruktuur die bou, onderhoud en gebruik van sodanige plek of straat nie sal hinder, beperk of belemmer of dit nie doen nie, of

(ii) *die eiendom van die munisipaliteit is indien, na die mening van die raad, sodanige uitsteekstruktuur opgerig word as deel van die ontwikkeling van eiendom in ooreenstemming met 'n bepaling in die raad se dorpsaanlegkema vervat wat uitdruklik op sodanige eiendom van toepassing is.*

(2) *Iedereen wat versuim om enige voorwaarde na te kom wat kragtens subartikel (1) gestel word, is skuldig aan 'n misdryf en die raad kan, benewens enige ander straf wat opgelê word-*

- (a) *die betrokke uitsteeksel of uitsteekstruktuur sloop, verwyder of opvul, of*
- (b) *sodanige uitsteeksel of uitsteekstruktuur laat sloop, verwyder of opvul, op koste van die eienaar daarvan of, waar sodanige uitsteeksel of uitsteekstruktuur die eiendom van die munisipaliteit is, op koste van die eienaar van die perseel vir die voordeel waarvan sodanige uitsteeksel of uitsteekstruktuur opgerig is of behou word.*

*Oorskrydings.*

127. (1) *Wanneer daar op enige onroerende goed wat die eiendom is van 'n munisipaliteit of onder die beheer of bestuur van 'n raad oorskry word, kan die raad en, wanneer deur die Administrateur daartoe gelas, moet hy die stappe doen wat, na die mening van die raad, nodig is om sodanige oorskryding te verwyder of regulariseer.*

(2) *Onderworpe aan nakoming van die bepalings van artikel 137 kan 'n raad die omvang van 'n openbare plek of openbare straat waarop oorskry word, verminder met die omvang van die oorskryding of in die groter mate wat na sy mening wenslik is.*

(3) *Die uitreiking van 'n permit kragtens artikel 126(1) word, vir die toepassing van subartikel (1), geag 'n regularisering te wees van die oorskryding in sodanige permit genoem."*

Ten einde dus die proses georden te kry en te verseker dat die Raad die nodige inkomste verkry moet die volgende riglyne en prosedures daar gestel word.

**RIGLYNE**

Die Raad kan in terme van Artikel 126 en 127 van Ordonnansie 20 van 1974 oorskrydings op Raadsgrond magtig. Indien die oorskryding in terme van voormelde Artikels gemagtig word, moet die eienaar van die oorskryding huurgeld aan die Raad betaal. Die huurgeld word jaarliks gehef word teen die eienaar se diensterekening gedebiteur.

Die huurgelde word gehef totdat die oorskryding reggestel of verwyder word.

Oorskrydings mag slegs plaasvind op Raadsgrond geleë binne die Sentrale Sakekern en Sakenodes soos bepaal in die Raad se "*Spatial Development Framework*".

Oorskrydings moet „n minimum hoogte, van 2.4m, gemeet vanaf grondvlak van tot aan die onderkant van die oorskryding, hê.

Indien die oorskryding op „n sypaadjie plaasvind mag die oorskryding nie meer as twee derdes van die sypaadjie, gemeet vanaf die erfrens tot die randsteen, beslaan nie.

#### **PROSEDURE**

1. Indien die Boubeheerafdeling van die Raad oorskrydings opmerk, word die eienaar van sodanige oorskryding in kennis gestel om dit reg te stel.
2. Die Boubeheerafdeling moet ook die Afdeling Regsdienste verwittig van sodanige oorskryding.
3. Indien die oorskryding nie reggestel kan word nie, moet die eienaar van sodanige oorskryding, skriftelik aansoek doen om die nodige oorskrydingspermit.
4. Die afdeling Regsdienste, na oorlegpleging met die Boubeheerafdeling, reik die nodige oorskrydingspermit aan die eienaar van sodanige oorskryding uit.
5. 'n Heffingsadvies word ook aan die Finansiële Afdeling voorsien, sodat die nodige heffing ten opsigte van die oorskryding teen die eienaar, van sodanige oorskryding, se diensterekening gedebiteer kan word.
6. Die Boubeheerafdeling moet jaarliks bevestig of sodanige oorskryding nog bestaan.

#### **ROLLE**

Direkteur Korporatiewe Dienste  
Boubeheerafdeling  
Regsafdeling  
Finansiële Afdeling

#### **VERWANTE BELEID**

Spatial Development Framework

#### **Herroeppings**

Dat alle vorige besluite in die verband herroep word.